Ouderdom: **Gr1-6**
Tema: **Veg saam met Jesus teen die duiwel**
Teks: **1 Samuel 17:34-37**

DOEL: Die kinders moet verstaan dat ons saam met Jesus teen die duiwel moet stry. Ons moet hom geen vastrapplek in ons lewe gee nie. Die Here help ons in die stryd teen die duiwel.

HULPMIDDELS BENODIG: 'n Kameel om self te maak
Speel klei
Karton om tent mee te maak.

1. SKRIFLESING: 1 Samuel 17:34-37

2. INLEIDING:
Maatjies, ek dink julle het al almal die verhaal van Dawid en Goliat gehoor. (Hersien baie vlugtig.)
Elke keer as ek hierdie verhaal in die Bybel lees, wonder ek: Was Dawid nie bang nie? Hoe het hy so seker geweet dat hy die reus Goliat gaan wen? Kan een van julle dalk vir my sê hoe hy dit geweet het?

3. AANBIEDING:
Kom ons kyk wat sê die Bybel: Dawid was ook 'n skaapwagtertjie, 'n goeie herder wat lief was vir sy skape. Toe koning Saul hoor hy wil teen Goliat veg, se hy: "Jy kan nooit teen hom veg nie! Hy is 'n soldaat wat van kleins af geleer het hoe om te veg!"
Maar wat sê Dawid? (Lees 1 Samuel 17:34-37 uit Bybel voor.)
Kan jy nou sien waarom Dawid nie bang was nie? Die Here het hom dapper en sterk gemaak. Hy het geweet dat die Here wat hom gehelp het om leeus en bere dood te maak wat sy skape wou verskeur, hom ook teen Goliat sou help.
Maar nou moet ons nie vergeet nie - Dawid het nie gesê: "Die Here moet alleen veg!" nie. Met die hulp van die Here het hy *self* ook gaan veg.
Die Here wil hê dat ons wat Hom liefhet, ook soos Dawid moet wees. Ons moet saam met Jesus teen die duiwel veg.

- ♥ Hoe veg ons teen die duiwel? Met watter wapens veg ons teen hom?
  ... Een van ons beste wapens is ***gebed***. Ons moet elke dag bid en Jesus vra om ons te help om net aan Jesus, ons goeie Herder, gehoorsaam te wees.
- ♥ Ons tweede wapen is ons Bybel. In die Bybel leer ons hoe ons moet lewe as ons kinders van God wil wees. Die Bybel leer ons ook hoe om te stry teen versoekings. Dit beteken dat ons selfs nie eers moet dink aan verkeerde dinge nie, want dan kan dit maklik gebeur dat ons ook toegee aan versoekings.

Dit laat my dink aan die storie van die kameel en die Arabier. Daar was eenkeer 'n Arabier wat deur 'n woestyn moes reis met sy kameel. Dwarsdeur die warm dag het die kameel geduldig die Arabier se goed gedra. Bedags is dit vreeslik warm in die woestyn, maar snags word dit weer baie koud daar. Toe die son dus sak, het die Arabier alles afgepak, vir die kameel kos gegee en vir homself 'n klein tentjie opgeslaan.
Daardie nag was dit ekstra koud. Selfs die kameel het buite die tent gelê en bibber van die koue. Naderhand staan hy op en staan en kreun en steun by die tentklap. Die Arabier word wakker van die geraas en sê kwaai: "Bly stil, jou ellendige kameel. Jy hou my uit die slaap met jou gekerm!"
"Ag baas, ek sterf van koue hier buite. Hoor net hoe klap my tande op mekaar. As jy nie help nie, is ek more morsdood verkluim en wie gaan dan al jou goed deur die woestyn dra?" vra die kameel.
"Ek kan tog niks doen nie," se die Arabier. "Jy kan," sê die kameel. "Laat my net toe om my neus by jou tentklap in te steek. As ek die warm lug in jou tent kan inasem, sal my lyf seker warm word."
"Nou goed," sê die Arabier en maak die tentklap oop - net groot genoeg vir die kameel om sy neus in te steek. Net toe die Arabier weer aan die slaap wil raak, begin die kameel weer kerm: "Dit help niks. Ek sal my hele kop moet insteek. Maak asseblief die tentklap groter oop."
Die Arabier kruip met 'n sug uit sy warm komberse uit en maak die tentklap groter oop. Die kameel steek sy kop en nek in.
'n Rukkie later begin die kameel weer kerm: "My grootbaas, my lyf is besig om hier buite te vries. As ek net my voorlyf kan inbring, sal dit help om my agterlyf warm te maak. Maak asseblief die tentklap groter oop."
Weer staan die Arabier op en maak die tentklap groter oop. Die kameel tree met sy voorpote tot in die tentjie. Toe sy voorlyf eers in is, staan hy nie stil nie. Hy kry 'n duiwelse grinnik om sy bek en loop met sy hele lyf tot in die klein tentjie.
"En wat vang jy nou aan?" vra die Arabier boos. "Jy kan mos sien hier is nie plek vir ons al twee nie"! "As daar net vir een van ons plek is, moet jy maar uit" sê die kameel. "Ek moet môre die hardste werk". "Ek is die baas hier, "skreeu die Arabier boos. "Is jy?" vra die kameel en trek sy lippe op sodat die Arabier sy gevaarlike, lang, geel tande kan sien. Die Arabier weet baie goed wat dit beteken: As hy nie vinnig padgee nie, gaan die kameel hom byt. Hy gryp sy kombers en vlug by die tentdeur uit.
Toe hy buite in sy kombers sit en bibber van die koue, dink hy: "En dit alles net omdat ek toegelaat het dat die kameel sy neus by my tent insteek!".

4. <u>TOEPASSING</u>:
Kinders, met sonde gaan dit so. As ek eers een sonde in my lewe toelaat, word dit makliker om nog toe te laat. En netnou is my hele lewe vol sonde. In ons lewens is daar nie plek vir die Here Jesus en die duiwel nie, want die duiwel bring altyd baie sondes met hom saam. Die beste manier om dus saam met Jesus teen die duiwel te stry, is om teen die sonde te stry. Moenie eers 'n ou klein leuentjie vertel of net een ou klein lekkertjie by die kafee vaslê nie. Vandag is dit dalk 'n grap, maar môre begin ek

groter leuens vertel of groter goed steel. En netnou sit die ou duiwel in my hart en is daar geen plek vir die Here Jesus nie.

5. SELFWERKSAAMHEID:
Die kinders kan 'n kameel en Arabier van speelklei maak, en 'n tentjie van papier vou. ('n Langwerpige stukkie papier of karton wat net in die middel gevou is, staan maklik en lyk kompleet soos 'n tent.) Hulle kan natuurlik ook vir Dawid maak wat teen die leeu, beer of Goliat veg. Of dalk kan hulle 'n prent teken wat die Dawid-verhaal of die storie van die Arabier en die kameel uitbeeld.

WENK:
Hou 'n rolle spel van die kameel storie. Gebruik drie leidsters/kinders. Een is die Arabier (trek so aan, gebruik die mombakkies in Bylaag Een); twee maak saam die kameel uit ('n kussing op elkeen se rug vasgebind vir die kameel se hobbels; 'n kombers bo-oor vir die lyf en die voorste kind hou die kop-en-nek vas – Sien Bylaag Twee). 'n Tent of laken oor 'n gespande tou as tent (twee persone kan die tou vashou as dit nie gespan kan word nie.)

VASLEGGING:
Gee vir elke kind 'n afdruk van 'n klein kameel koppie (Bylaag Twee). Hulle skryf 'n teks agter-op, byvoorbeeld ***1 Samuel 17:37*** se laaste deel: "Gaan, en mag die Here by jou wees".

Bylaag 1 en 2 aan onderkant van die bladsy

→ Heg rek hier vas vir masker.

Arabier.



Kameel

Verleng die nek en vergroot die hele prent as u die rolkoepel met die kameel wil doen. Trek dit op 'n transparant af en vergroot dit teen 'n muur. Teken dit op 'n lang sy van 'n groterige kartondoos af. (weerskante). Knip uit en verf. Kind hou aan die nek vas as hy saam met sy maat 'n kameel voorstel, met 'n kussing op hul rug vir hobbels en 'n kamberg bo-oor. Tossels om die nek kan as versierings dien.



Engeltjie